# HOOFSTUK 6

# DIE MISSIONÊRE WAARDE VAN DIE BELHAR BELYDENIS VIR GEMEENTES EN LERAARS VAN DIE NG KERK

In Hoofstuk 1 is verwys na Burger se stelling, dat "...*die meeste van hierdie ander gestaltes (van die kerk) alleen bestaan op grond van die werk wat in gemeentes gedoen word",* en is die uitgangspunt gestel dat die missionêre betekenis van die Belhar Belydenis vir die plaaslike gemeente die primêre fokus van die studie is. In hierdie Hoofstuk word aandag gegee aan die teologiese verstaan van die betekenis van Belhar in die leefwêreld van die gemeentes en leraars van die NG Kerk. In die eerste deel van hierdie Hoofstuk gaan stilgestaan word by die uitgangspunt of basis-vraag vir 'n gesprek oor die Belhar Belydenis binne die NG Kerk, en ook binne die NG Kerk-familie. Daarna gaan aan die hand van Goheen (Newbigin) en Barth aangetoon word waarom dit so 'n belangrike uitgangspunt (basis-vraag) is, en hoe dit die debat oor die Belhar Belydenis (en die hereniging met die VGKSA) raak.

In die tweede deel van die Hoofstuk word praktiese riglyne gegee vir die voer van 'n debat oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis in die NG Kerk. Daar sal veral aandag geskenk word aan die rol van gemeenteleraars en –leiers in hierdie debat.

In die derde deel van die Hoofstuk word 'n verwysingsbron saamgestel van aktuele temas wat ter sprake mag kom in 'n debat oor die Belhar Belydenis.

## 6.1 Die basis-vraag oor die Belhar Belydenis: Missionêre waarde

Die gesprek oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is nog nooit gevoer nie. In die NG Kerk kom die Belhar Belydenis op die oomblik grotendeels ter sprake binne die raamwerk van die herenigingsgesprek met die VGKSA. Dit kom duidelik na vore in die aanpak van die inligtingstuk wat in 2007 aan gemeentes versprei is: *Kerkhereniging van die familie van NG Kerke: Inligting oor die voortgaande konsultasieproses* (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007b). Vir baie lidmate van die NG Kerk is dit ook die hoofrede waarom daar enigsins aandag geskenk word aan hierdie belydenis. Daarom gebeur dit dat lidmate wat negatief voel oor die Belhar Belydenis, ook dikwels negatief is teenoor die hereniging, terwyl ander wat negatief is oor hereniging, ook dikwels negatief is oor Belhar.

Die *Kerkbode* berig oor die resultate van die konsultasieproses oor kerkhereniging in die Noordelike Sinode as volg: "Die sinode se lidmate voel soos elders in die land sterk oor die



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Belydenis van Belhar. Die posisie van dié belydenis het geweldige sterk reaksie uitgelok. In letterlik elke respons was daar 'n opmerking oor die Belydenis van Belhar – meestal negatief." (Noorde sê oor hereniging: 22 Februarie 2008 A-C3).

Die vraag is of die Belhar Belydenis tot sy reg kom binne hierdie gesprek oor kerkhereniging. Hierdie studie wil dit nog sterker stel: Word die missionêre waarde van die Belhar Belydenis enigsins in ag geneem in die wyse waarop die gesprek oor dié belydenis tans tot 'n onderdeel van die gesprek oor hereniging gereduseer word?

Die Moderamen van die NG Kerk maak byvoorbeeld die volgende stelling ten opsigte van die belydenisgrondslag in die herenigingsproses.

> 3.2 Die Moderamen verstaan dat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA en vir sommige lidmate van die NG Kerk van besondere teologiese waarde en sentiment is. Terselfdertyd besef ons, veral ook na die gemeentekonsultasies, dat die Belydenis van Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk nie as vierde belydenisskrif aanvaarbaar is nie.
>
> 3.3 Die Moderamen besluit dat enige toekomstige hantering van die saak beide hierdie standpunte moet bly respekteer.

(Besluite van die uitgebreide Moderamen oor kerkhereniging, 11-12 Junie 2008, punt 3)

In hierdie stelling gaan dit slegs oor die vraag of Belhar vir die meerderheid lidmate en gemeentes van die NG Kerk as vierde belydenis aanvaarbaar is of nie. Word hier nie eerder op 'n tipies demokratiese manier te werk gegaan met die Belydenis van Belhar, as op 'n missionêre wyse nie? Nóg in die verslag, nóg in die besprekingsdokument word gevra: "Kan die Belhar Belydenis die NG Kerk-familie help met haar missie in Suid-Afrika?". Die suggestie word nie eens gelaat dat die Belhar Belydenis missionêre waarde (of enige ander tipe waarde) vir die NG Kerk het of kan hê nie – selfs al aanvaar die meerderheid lidmate dit nie as vierde belydenis nie, en al is dit nie tans 'n belydenis van die NG Kerk nie. Die stelling laat eerder die suggestie dat die "stem" van die lidmate die finale sê oor die belydenis is.

Hierdie benadering weerspieël 'n baie gevaarlike leierskap-tendens wat nie in die Kerk (Liggaam van Christus) tuishoort nie, naamlik 'n tendens wat vir mense vra: "Wat dink julle?", sonder om eers te vra: "Wat wil U, Here?". Hierdie vraag: "Wat wil U, Here?", is die missionêre vraag: "Hoe kan ek deelneem aan die *Missio Dei*?" Dít is die vraag wat kerklike leierskap in die eerste plek behoort te vra. So 'n vraag begin by die soeke na die woorde en dade van God in hierdie wêreld (*Missio Dei*), soos Hy dit openbaar in sy Woord (Skrif) en dit bevestig met magtige gebeure in die



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

geskiedenis, en gaan voort deur menslike woorde en dade van gehoorsaamheid aan God, wat daartoe lei dat die Liggaam van Christus deelneem aan die *Missio Dei*[1] van haar Hoof. "...aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Efesiërs 1:22-23).

Die vraag wat oor die Belhar Belydenis gevra word is uiters belangrik vir die uitkoms van die gesprek oor die belydenis. Wanneer in hierdie studie gepraat word van die *missionêre waarde* van die Belhar Belydenis vir leraars en gemeentes van die NG Kerk, gaan dit oor een van *die belangrikste en eerste vrae wat gevra behoort te word deur die leiers van gemeentes*. In die NG Kerk is die leiers in gemeentes hoofsaaklik die "dominees" en kerkraadslede (kerkordelik), maar ander gelowige mans en vrouens staan in verskillende ander leiersposisies (in die praktyk)[2], en hulle behoort dieselfde vraag te vra binne hulle kring. Vrae soos "Hou jy van die Belhar Belydenis?"; "Wat dink jy van die Belhar Belydenis?"; "Sal jy die Belhar Belydenis aanvaar as belydenis?"; "Wat beteken die Belhar Belydenis vir die VGKSA?", is eintlik verkeerde vrae om die gesprek oor Belhar te inisieer. Hierdie studie het aangetoon dat, vir die Liggaam van Christus, die volgende vraag een van die belangrikste is (indien nie dié belangrikste nie): *"Wat is die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk vandag?"*. Wanneer leierskap oor die Belhar Belydenis praat, behoort hierdie vraag dus een van die uitgangspunte in die gesprek te wees.

Wat behels hierdie *missionêre* vraag?

## 6.2 Wat die vraag na die missionêre waarde van Belhar behels

Die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis kan ook as volg gestel word: "Hoe kan die Belhar Belydenis die NG Kerk help om haar roeping, taak of missie in Suid-Afrika (en wyer) te vervul?" Dit is die vraag oor hoe die Belhar Belydenis daartoe kan bydra dat die NG Kerk gehoorsaam aan God kan wees in hierdie uithoek van die aarde. Dit is die vraag oor die bydrae wat die Belhar Belydenis kan lewer tot die beantwoording van die wesensvrae waarmee gelowiges en die Kerk vandag in Suider-Afrika worstel.

### *6.2.1 Insigte van Goheen & Newbigin*

Dit is belangrik om die uitgangspunt raak te sien dat dit nie hier gaan oor die vraag "of" die Belhar Belydenis missionêre waarde het vir die NG Kerk nie, maar eerder "wat" hierdie waarde is. Waarom gaan hierdie studie van so 'n veronderstelling uit? Die antwoord hierop lê in die


[1] Sien hoofstuk 2, punt 2.2.2 vir 'n bespreking van die *Missio Dei*.

[2] Hier word bv. gedink aan kommissielede, omgeegroep/kleingroep/selgroep-leiers, span-sameroepers, spanlede en verskeie ander vorme van organisasie wat nie noodwendig in die Kerkorde omskryf word nie, maar wel in die praktyk 'n leiedende rol speel.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

bespreking van die kruis-kulturele dialoog van Newbigin (Goheen) in Hoofstuk 3 (3.4.3). Hierdie kruis-kulturele dialoog illustreer die spanningsveld wat tot stand kom waar die evangelie (deur die Skrif-verkondiging) van een wêreldbeeld na 'n ander oorgedra word. In SKETS 6.1 hieronder word dit weer uiteengesit vir die doel van hierdie Hoofstuk. Die spanningsveld is toe te skryf aan die verskillende maniere waarop mense die Woord van God "hoor" (a, b) vanuit verskillende beskouings van die werklikheid. Hierdie spanningsveld lei daartoe dat die "ontvanger" van die evangelie (c) die Skrif vanuit sy/haar milieu begin "hoor", en op so 'n manier 'n gespreksvennoot oor die evangelie word, eerder as 'n blote "ontvanger" van 'n boodskap. Sodoende word die "ontvanger" (c) nou die "verkondiger" en die aanvanklike "verkondiger" (d) is die nuwe "ontvanger".




SKETS 6.1 Kruis-kulturele missionêre ontmoeting


Die logiese uitvloeisel hiervan is dat 'n mens eintlik nie meer met 'n *dialoog* te make het nie, maar met 'n *trialoog* – tussen God, verkondiger en ontvanger (drie-rigting gesprek). God praat met (d) en inspireer hom/haar om die boodskap wat hy/sy ontvang het oor te dra aan (c). (d) staan egter in 'n bepaalde konteks en wêreldbeeld wat in sekere opsigte sy/haar verstaan van die Boodskap verhelder en in ander opsigte belemmer. God praat egter ook met (c) – nie net via (d) nie, maar ook direk vanuit die Skrif. (c) hoor (d) se boodskap, wat eintlik van God afkomstig is, maar luister vanweë sy/haar anderse wêreldbeeld en/of sosio-ekonomiese konteks op 'n ander manier. Sy/haar wêreldbeeld verhelder in sekere opsigte (soms verskillend van (d) s'n) die Boodskap van God, maar in ander opsigte belemmer daardie wêreldbeeld en/of sosio-ekonomiese konteks ook die verstaan van die Boodskap. Vanweë die beperkings van hul eie wêreldbeelde kan nie (d) óf (c) daarop aanspraak maak dat hulle die Boodskap van God in sy volheid ken of verstaan nie, en daarom is die kruis-kulturele trialoog uiters belangrik vir 'n ryker verstaan van die Evangelieboodskap.

Dieselfde proses wat deur Goheen beskryf word as 'n kruis-kulturele missionêre ontmoeting in terme van 'n sendeling wat die Evangelie aan 'n persoon van 'n ander kultuur verkondig, het plaasgevind in die Evangelieverkondiging in die NG Kerk-familie gedurende die negentiende en



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

twintigste eeue. Toegepas op die NG Kerk en die NGSK, kan dit voorgestel word deur SKETS 6.2:




SKETS 6.2: Kruis-kulturele missionêr-kerklike ontmoeting

Op ‘n heel vereenvoudigde vlak[3] gesien, het die NG Kerk[4] in samewerking met die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap die Evangelie aan die slawe en Hottentotte (of, die sg. “nie-blankes”) aan die Kaap verkondig gedurende die agtiende en negentiende eeue (Smith 1972:14, 34-35). In hierdie tyd het die “oefenhuise” tot stand gekom, waar die “nie-blankes” wat die Evangelie aangeneem het saam kon aanbid (1972:34). Mettertyd het die kerklike strukture so uiteengevloei dat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1881 gestig is. Die NG Kerk en die NGSK se paaie het geleidelik al hoe verder uitmekaar beweeg, tot en met die krisistyd wat in Hoofstuk 4 (4.2.1) beskryf word. Presies ‘n eeu later, in 1982, word die Belhar Belydenis geskryf. Hierdie belydenis kan gesien word as die NGSK se antwoord vanuit haar wêreld-ervaring (4.2.3.1 praat van twee wêrelde) op die Evangelie wat sy van die NG Kerk ontvang het, en vir ‘n eeu lank laat tuiskom het in eie boesem.

Omdat ons hier met ‘n trialoog te make het, waar God, NG Kerk en NGSK (vandag: VGKSA) met mekaar in gesprek is, behoort geen persoon, gemeente of sinode van die NG Kerk om watter rede ookal die boodskap van die Belhar Belydenis te negeer of ignoreer nie, want dáárin word nie slegs die antwoord op die Evangelieverkondiging (van die NG Kerk) aan die VGKSA (NGSK) verwoord nie, dáárin kom God self deur ‘n bepaalde segment van Christus se Liggaam op aarde en deur die Skrif aan die woord. In die Belhar Belydenis praat die VGKSA (NGSK) nie namens hulself nie,

---

[3] Dit is vereenvoudig, omdat die NG Kerk nie die enigste Christelike invloed op die voorsate van die NGSK was nie. Sien Smith 1972:28-34 en ook Loff 1988 en Kriel 1981.

[4] Dit is meer histories korrek om na die Kaaps-Hollandse Kerk, of die Kaapse Hervormde Kerk te verwys, want teen die begin van die 19de eeu is die naam: Nederduitse Gereformeerde Kerk nog nie vasgestel nie.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

maar onder leiding van die Gees van God, antwoord dié kerk op die Evangelie wat via die NG Kerk na haar gekom het – natuurlik vanuit haar eie verstaans-milieu.

*Die hoof motivering vir die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir leraars en gemeentes van die NG Kerk is die posisie wat hierdie belydenis inneem in die trialoog tussen die Skrif (God/Christus), die NG Kerk en die VGKSA in Suider Afrika, Afrika en selfs op 'n globale skaal.*

### *6.2.2 Insigte van Karl Barth*

Hierdie trialoog kom ook na vore in die bespreking van Barth se benadering tot belydenisse[5]. Omdat die NG Kerk erken dat sy in die VGKSA met medegelowiges te make het, wat in 'n verhouding met God die Vader staan, en vanuit daardie geloofsverhouding met die NG Kerk praat deur die Belhar Belydenis, het die NG Kerk die geloofsverpligting om te vra: "Hoe help hierdie antwoord op die Evangelie soos ons dit verkondig het, ons om meer effektief, meer getrou en meer gehoorsaam Kérk van Christus te wees in Suider-Afrika (en wyer) vandag?". Hierdie vraag kan met vrymoedigheid gevra word, omdat daar geen kerk ter wêreld is wat vandag kan verklaar dat sy ge-"arriveer" het nie. Geen kerk kan voorgee dat sy medegelowiges en mede-kerke nie nodig het nie. Barth verduidelik dit:

> I owe it to the Church not to withhold from it my faith, which can be a true faith only in community with its own, just as conversely it cannot be too small a thing for the Church, in order to assure itself afresh of a true faith in the community of faith, in order to miss anything in its encounter with the Word of God, to take account even of my confession of faith and to enter into a debate which is open on its side as well.
>
> (Barth 1956:589)

Die NGSK (VGKSA) is dit aan die wyer kerklike gemeenskap verskuldig om die Belhar Belydenis met hul te deel, maar net so kan ander kerke hierdie belydenis van geloof nie te gering ag ("cannot be too small a thing") om aandag daaraan te skenk nie. Kerk-genootskappe is deel van die Liggaam van Christus en is, soos medegelowiges, vir mekaar gegee om mekaar te redigeer, te vermaan, te ondersteun en te bemoedig. Hier het 'n mens te make met *koinonia* in die wydste sin van die woord, en dié koinonia het ten doel om die Liggaam van Christus al hoe meer op te bou in liefde. "...ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar

---

[5] Hoofstuk 5, punt 5.2 – kyk veral na die aanhaling op bl. 115-116 en die bespreking daarvan.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

en vorm saam ’n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.” (Efesiërs 4:15-16). Dit geld by uitstek vir die familie van NG Kerke.

‘n Verdere perspektief is ook belangrik. In die debat wat oor die Belhar Belydenis gevoer is in die *Kerkbode* (sien bv. Britz 1998), is die belydenis dikwels beoordelend bespreek. Daar word beoordeel of Belhar ooreenstem met die drie Formuliere van Enigheid, daar word beoordeel of die belydenis in lyn met die Skrif is, daar word beoordeel of dit ‘n egte belydenis is. Hierdie tipe beoordelende besprekings van die Belhar Belydenis is te verstane in die lig van die feit dat die VGKSA aan die NG Kerk die voorwaarde gestel het dat laasgenoemde Belhar as belydenis moet aanvaar voordat eenwording moontlik is, maar dit illustreer juis die probleem daarmee dat die gesprek oor die belydenis deel uitmaak van die gesprek oor hereniging, en nog nie in ‘n missionêre gesprek tuisgekom het nie. Die aanhaling van Barth in Hoofstuk 5 (5.2) lê klem daarop dat ‘n belydenis van een kerk nie deur ander kerke beoordeel moet word nie, maar dat dit deel vorm van ‘n wyer debat, ‘n gesprek om nader te kom aan die Woord van God:

> I acknowledge the general and public character of my faith by laying it before the generality, the public of the Church. I do not do this to force it on the Church in the peculiar form in which I necessarily hold it, as though I were presuming either to want or to be able to rule in the Church with my faith as it is mine. On the contrary, I do it to submit it to the verdict of the Church, to enter into debate with the rest of the Church about the common faith of the Church, a debate in which I may have to be guided, or even opposed and certainly corrected, i.e., an open debate in which I do not set my word on the same footing as the Word of God, but regard it as a question for general consideration according to the Word of God commonly given to the Church.
>
> (Barth 1956:589)

Die vraag is of daar op die oomblik só ‘n benadering (soos hierbo omskryf) in die debat oor die Belhar Belydenis in die familie van NG Kerke is. Dit is die oortuiging van hierdie navorsing dat ‘n gesprek oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk (en NG Kerk-familie) nader gaan kom aan die bedoeling van ‘n belydenis van geloof soos Barth dit hierbo bespreek.

Wat is nou die implikasie van die trialoog-gedagte en Barth se benadering van ‘n belydenis vir die gesprek oor die Belhar Belydenis in die NG Kerk? Die implikasie is dat *die gesprek oor die Belhar Belydenis en die herenigingsgesprek twee verskillende debatte is*, en twee verskillende prosesse is wat moet plaasvind in die kerk. Het die herenigingsgesprek nie vasgeval juis omdat dit gekombineer word met die gesprek oor die vraag of Belhar as belydenis aanvaar moet word of nie? Dit is waarom Van der Linde (2002:176) in sy navorsing selfs tot die konklusie kom dat die



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Belhar Belydenis in die weg van eenheid en versoening staan. Die gesprek oor die Belhar Belydenis is 'n gesprek wat (ten minste) vanuit 'n missionêre hoek gevoer behoort te word, en nie eerstens of uitsluitlik as onderafdeling van die gesprek oor hereniging nie. Dit is 'n gesprek waar die VGKSA in 'n nederige gees hul geloof voor hul medegelowiges bring ("enter into a debate with the rest of the Church" – Barth), sonder om daardeur enige dwang op enige kerk te plaas ("I do not do this to force it on the Church") of om die indruk te skep dat hulle oor iemand wil heers nie ("as though I were presuming either to want or to be able to rule in the Church with my faith"), en waar die NG Kerk die Belhar Belydenis as so 'n belydenis van geloof ontvang en met 'n eerlike en oop gemoed vra: "Wat leer ons as kerk oor die Woord van God uit hierdie belydenis?" ("a question for general consideration according to the Word of God commonly given to the Church").

#### *6.2.3 Is 'n oop en eerlike gesprek moontlik binne die herenigingsproses?*

Die vraag is of 'n oop en eerlike/vrye hantering van die Belhar Belydenis moontlik is solank dit slegs as 'n onderafdeling van die gesprek oor kerkhereniging plaasvind. Wanneer die gesprek oor Belhar binne die raamwerk van kerkhereniging gevoer word, bly daar 'n element van dwang aan verbonde, want die uitslag van die debat bly bekend: of daar kritiek teen die belydenis uitgespreek word of nie, as dit aanvaar word, kan hereniging plaasvind, as dit nie aanvaar word nie, beteken dit *per se* dat die NG Kerk nie eenheid met die VGKSA soek nie – en dit impliseer rassisme. 'n Oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis is dus nie binne die raamwerk van die herenigingsgesprek moontlik nie. Verskeie voorbeelde van ope debat oor Belhar kan gesien word in Hoofstuk 5 (punt 5.3) van hierdie studie, en geeneen van hierdie kerke is in 'n verenigingsproses met die VGKSA betrokke nie.

As gevolg van hierdie lading op die gesprek oor die Belhar Belydenis vanaf die kant van die herenigingsgesprek, is gemeenteleiers veral geneig om weg te skram van oop en eerlike debat oor Belhar. Sodra hierdie gesprek aan die gang gesit word, kom die vrae rondom kerkhereniging, sowel as die simboliese waarde van Belhar[6], ook ter sprake, en dit kompliseer die debat onmiddelik. Die teendeel is ook waar: sodra die gesprek oor kerkhereniging onderneem word, kom die (onafgehandelde) debat oor Belhar ter sprake, wat weer op sy beurt daardie gesprek kompliseer.

Wat is die uitweg uit hierdie verstrengeling van debatte? Die huidige "impasse" in die herenigingsgesprek wys duidelik dat die kombinering van die herenigingsgesprek met die debat oor Belhar nie uitvoerbaar is nie. Hierdie twee debatte sal anders gestruktureer moet word. Indien dit gedoen word, is die volgende scenario's moontlik:

---

[6] Sien hoofstuk 4 van hierdie studie (punt 4.2.3.3)



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Eerstens sal 'n oop en eerlike debat in die NG Kerk oor die Belhar Belydenis moet plaasvind, maar dan (ten minste) moet die vraag oor die missionêre waarde van Belhar vir die NG Kerk beantwoord word.

Solank dit 'n voorwaarde van die VGKSA bly dat die Belhar Belydenis 'n belydenis van 'n "te stigte kerk" word indien enige kerk met haar wil verenig, sal die uitslag van die ope debat oor die Belhar Belydenis bepaal of dit enige waarde het om voort te gaan met gesprekke oor kerkhereniging tussen die NG Kerk en die VGKSA. Indien die NG Kerk na afloop van 'n deeglike debat oor die Belhar Belydenis nie kans sien om die belydenis as haar eie geloofsbelydenis te aanvaar nie, kan hereniging met die VGKSA tog ook nie plaasvind (onder bogenoemde voorwaarde) nie, en moet hierdie twee kerke aanvaar dat hulle deur ander kanale van ekumene met mekaar bly skakel, maar nie deur middel van 'n hereniging nie. Sulke gesprekke om mense van die NG Kerk en mense van die VGKSA nader aan mekaar te bring het in elk geval waarde in terme van Bybelse *koinonia*, of dit lei tot 'n hereniging al dan nie.

Indien die VGKSA sou besluit om nie die Belhar Belydenis as 'n vereiste belydenis in 'n "te stigte kerk" te stel nie, sou die gesprek oor die Belhar Belydenis gelyktydig met verdere gesprekke oor kerkhereniging kan plaasvind, maar dit sal twee verskillende debatte moet wees. Daar sou dan selfs met 'n hereniging voortgegaan kan word, met die veronderstelling dat daar oor die Belhar Belydenis (en ander belydenisse) verder debat gevoer word binne 'n herenigde kerk. Dan sal die moontlikheid ook bestaan dat daar aan die einde van daardie debat binne 'n herenigde kerk op 'n gewysigde belydenis besluit kan word.

Indien die NG Kerk verdink word van rassisme, moet hierdie probleem aangespreek word, maar dan nie by wyse van 'n verpligting om die Belhar Belydenis te aanvaar nie. Hiermee word twee verskillende (al is dit verbandhoudende) sake met mekaar verwar. Om vry te kom van rassisme kan nie gelykgestel word aan die aanvaarding van die Belhar Belydenis nie. Daar is ook geen gronde om so 'n vrywording gelyk te stel aan 'n hereniging met die VGKSA nie. Om so 'n gelykstelling te maak is so goed as om van die Rooms Katolieke kerk te verwag om met die Lutherse Kerk te herenig om daardeur te bewys dat hulle nie meer glo in die aflaatstelsel[7] nie!

Hoe kan so 'n vrye en ope debat oor die Belhar Belydenis in gemeentes van die NG Kerk gevoer word? In die volgende afdeling gaan by praktiese riglyne vir gemeentes en gemeenteleiers vir die uitvoering van 'n debat oor Belhar gegee word.

---

[7] ...hoewel dit waar is dat rassisme vandag waarskynlik 'n groter wesensvraag is as wat die aflaat in die verlede was. Hier word slegs 'n ekstreme voorbeeld gebruik om die punt te illustreer.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

## 6.3 Riglyne vir 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis

Beide Newbigin se kruis-kulturele missionêre dialoog (wat hierbo beskryf word as 'n trialoog) en Barth se benadering tot Gereformeerde belydenisse wys in dieselfde rigting: die Belhar Belydenis vra vir 'n oop en eerlike debat in die NG Kerk-familie. Debat oor die Belhar Belydenis is tot dusver op twee maniere gestrem. Eerstens is dit hoofsaaklik binne die raamwerk van die gesprek oor hereniging gevoer, met die gevolge soos dit hierbo uiteengesit is. Tweedens is hierdie (beperkte) debat hoofsaaklik deur leierskap op moderatuursvlak gevoer, by samesprekings soos Achterberg I en II en Esselenpark. Ten einde 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis te voer, sal dit op die vlak van gemeentes en lidmate moet plaasvind. Voor lidmate van verskillende lede van die NG Kerk-familie nog nie behoorlik met mekaar oor die belydenis gepraat het nie, het daar nog nie 'n oop en eerlike debat plaasgevind nie.

Wat hier volg, is bedoel as praktiese riglyne vir gemeenteleiers en leraars om 'n oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis in gemeentes en tussen gemeentes van die familie van NG Kerke aan die gang te sit en te bestuur. Die Belhar-debat is slegs moontlik onder leiding van persone wat hul verbind tot die prosesse wat deel uitmaak van belydenisvorming en gesprekke oor die roeping van die Liggaam van Christus, en daarom gaan hier nou na aanleiding van die navorsing wat gedoen is en die onderhoude wat gevoer is, riglyne gegee word aan gemeenteleiers vir die fasilitering van gesprekvoering. Laastens word stilgestaan by enkele praktiese oorwegings.

### *6.3.1 Belydenisse is poorte tot die Evangelie en Skrif*


In Hoofstuk 5 van hierdie studie (5.5.2, bl. 130) word daarna verwys dat die Belhar Belydenis 'n droogte in die ontstaan van nuwe belydenisse "breek". Die afgelope 20 jaar in Suid-Afrika het 'n nuwe belangstelling in belydenisse na vore gebring, en dokumente soos die *Kairos Dokument* (1985, 1986), *Kerk en Samelewing* (1986, 1990), die *Laudium Declaration* (1990) en *Geloofsverklaring 2000* (2000) is sprekende voorbeelde hiervan. Voorlopers van hierdie nuwe bewustheid kan selfs gevind word in 'n dokument soos *A Message to the People of South Africa* (1968). Sulke dokumente kan deur buitestaanders geïgnoreer word, in totaliteit omhels word, of op 'n kritiese afstand ontleed word, maar binne die raamwerk van die kruis-kulturele missionêre trialoog, word dit eerder poorte na die vertolking van die Evangelie en Skrif deur gelowiges uit verskillende wêrelde (al is dit in dieselfde land) en verskillende agtergronde.

'n Gemeenteleier sal hierdie proses te midde van die Liggaam van Christus (ekklesia, Kerk) in Suid-Afrika goed moet begryp ten einde 'n gemeente te begelei om op 'n verrykende manier na hierdie dokumente te kyk – en dit geld by uitstek van die Belhar Belydenis in die midde van die familie van NG Kerke. Die kruis-kulturele missionêre trialoog en die benadering van Barth tot Gereformeerde belydenisse kan van groot waarde wees vir die voorbereiding van gemeenteleiers om gesprekke in die Kerk te fasiliteer rondom Belhar (en selfs ook die genoemde dokumente). Die




PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

grootste samebindende eienskap van die Gereformeerdes ten opsigte van belydenisse is nie dat daar een standaard belydenis opgestel is, of dat alle kerke met alle belydenisse saamstem of dit aanvaar nie, maar eerder dat alle dokumente vir Gereformeerdes ondergeskik bly aan die gesag van die Skrif (sien die bespreking oor "Eenheid in interpretasie" punt 5.7.2.2). Dit beteken dat gemeenteleiers wat gemeentelede begelei in 'n debat oor die Belhar Belydenis moet wegstuur van 'n hiërargiese denke wat die Skrif bo die drie Formuliere van Eenheid stel, en daarna weer die Formuliere bo enige ander belydenis stel (Skets 6.3).




SKETS 6.3: Tipiese hiërargiese denke oor die gesag van Skrif en belydenis

Laat ons herhaal wat in punt 5.7.2.2. bevind is: "Wat 'bo alles' nodig is, is dat die leerstellings van die kerk oral en voortdurend *op die Heilige Skrif gegrond is* – en hiermee word nie *konfessionele eenheid* uitgedruk nie, maar die *konfessionele vryheid* van elke spesifieke kerk in sy verhoudings met ander." Dit beteken dat daar vir die Gereformeerde net een gesagvolle dokument is, en dit is die Skrif. Naas die Skrif is alle ander dokumente feilbaar en ondergeskik aan die Skrif. Dit word skematies voorgestel in Skets 6.4:





SKETS 6.4: Belydenisse en ander dokumente ondergeskik aan die gesag van die Skrif

Dit beteken nie dat daar in 'n relativisme verval moet word nie. Wanneer 'n kerk besluit het om 'n bepaalde belydenis of belydenisse as deel van haar grondslag te aanvaar, gee dit iets tasbaars vir



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

die mense van daardie kerk om hul mee te oriënteer, solank hul net voortdurend in gedagte hou dat daardie belydenis nie 'n deel van die Skrif se gesag ontvang, of op 'n ander vlak as enige ander belydenis staan nie. Dit word wel 'n rigtinggewende dokument *vir daardie kerk*. Wanneer 'n ander belydenis dan deur die kerk bestudeer word, is die bedoeling nie dat dit ondergeskik aan die bestaande aanvaarde belydenis gestel moet word nie, maar dat dit *net soos* die bestaande belydenis ondergeskik aan die Skrif gestel word. Hiermee word die konfessionele vryheid van elke kerk teenoor 'n ander uitgedruk. Solank as wat die eksterne belydenis bestudeer word, kan dit nie op dieselfde manier as die reeds (amptelik) aanvaarde belydenisse funksioneer in daardie kerk nie (al staan dit op dieselfde vlak ondergeskik aan die Skrif), bloot omdat die hele kerk nog nie in eenheid hierdie belydenis as 'n rigtinggewende dokument aangewys het vir hulself nie. Dit verhoed egter nie dat daar 'n deeglike debat oor hierdie belydenis in die kerk gevoer kan word nie. Op dieselfde wyse kan die ondergeskikte gesag van die drie Formuliere van Eenheid en die ondergeskikte gesag van die Belhar Belydenis verstaan word in 'n oop en eerlike debat oor de Belydenis. Dit word skematies in SKETS 6.5 voorgestel:




SKETS 6.5: Ondergeskikte gesag van aanvaarde- en nie-aanvaarde belydenisse

### *6.3.2 Die motivering vir die studie van die Belhar Belydenis*

Die motivering vir die bestudering van die Belhar Belydenis vloei uit hierdie benadering, naamlik dat dit mense wat nie die belydenis ken of aanvaar nie, die geleentheid bied om vanuit 'n ander hoek na die Skrif te kyk – vanuit 'n ander perspektief ondergeskik aan die Skrif te wees.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

In Hoofstuk 5 (punt 5.4) is ook reeds genoem waarom die NG Kerk nie die Belhar Belydenis kan ignoreer nie. Hierdie redes word gelys sodat gemeenteleiers dit as 'n verwysingspunt kan gebruik:

a. Die Belhar Belydenis is die belydenis van 'n mede Suid-Afrikaanse NG Kerk.

b. Die Belhar Belydenis word wêreldwyd al hoe meer erken.

c. Ook die NG Kerk kan baie uit die Belhar Belydenis leer.

d. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk word deur 'n debat oor Belhar ontdek.

*6.3.3 Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis*

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis (en ook van enige ander dokument) is nie noodwendig 'n bekende konsep vir gemeentelede of gemeenteleiers nie. Daarom sal hieroor ook leiding gegee moet word deur die leierskap voordat die debat oor Belhar 'n aanvang neem. Die beginpunt wat in hierdie studie onderneem is om missionêre waarde te ontdek, is die vraag na 'n Bybels-getroue inheemswording van die Kerk in haar eie konteks. Kerkleiers kan as volg te werk gaan om hierdie roeping tot inheemswording te verduidelik:

Daar kan onderskei word tussen verskillende soorte kontekste waarbinne die mense van die NG Kerk-familie hulself bevind. Elke gemeente het 'n bepaalde mikro-konteks wat verskil van plek tot plek. Hierdie konteks het te make met die unieke omstandighede van die gemeenskap waarbinne elke gemeente funksioneer. In Suid-Afrika bestaan gemeentes op die platteland, in kleiner dorpsgebiede, in groter dorpe en in stede of selfs metropole. Binne hierdie dorpe, stede en metropole verskil gemeentes se mikro-kontekste van mekaar, maar daar is ook gemeentes wat binne baie eenderse mikro-kontekste funksioneer. Baie plattelandse dorpe het soortgelyke mikro-kontekste, en so ook baie gemeentes in die voorstedelike gebiede.

Daar kan ook gepraat word van meso-kontekste wat gemeentes met mekaar in gemeen het. In terme hiervan deel gemeentes in die Tshwane Metropool dieselfde metropolitaanse konteks, en so ook gemeentes in die ander groter metropolitaanse gebiede. Op 'n wyer vlak, bevind alle gemeentes hulself ook binne die konteks van Suid-Afrika, en in hierdie sin deel alle Suid-Afrikaanse gemeentes dieselfde makro-konteks. Daar sou ook gepraat kan word van die mega-konteks van alle gemeentes in Afrika, en in 'n nog wyer sin deel alle gemeentes in die wêreld dieselfde globale konteks. Te midde hiervan kan weer onderskei word tussen gemeentes wat vanuit 'n Oosterse- of 'n Westerse- of 'n Afrika-wêreldbeeld funksioneer. Kultuur en taal word dikwels aan sulke wêreldbeelde gekoppel en gee weer op 'n ander vlak 'n ooreenstemmende konteks. Binne een dorp of stad is daar ook mense wat hul in verskillende sosio-ekonomiese omstandighede bevind (dink byvoorbeeld aan die verskille tussen gebiede soos Waterkloof, Wespoort, Middestad en Mamelodi in die Tshwane Metropool). Gemeentes binne sulke



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

ooreenstemmende sosio-ekonomiese omstandighede het baie in gemeen, maar dit is ook nodig dat gemeentes van verskillende sosio-ekonomiese kontekse op die trialoog-metode saam na die Skrif kyk. Om dit alles nog meer te kompliseer, is daar ook voortdurend veranderinge in die verskillende kontekste regoor die wêreld – veranderinge wat in die afgelope eeu al hoe sneller plaasvind.

*Inheemswording* het te make met die proses waardeur die Kerk haarself voortdurend posisioneer om die Skrif-boodskap te midde van hierdie verskillende kontekste getrou weer te gee en uit te leef (sien punt 3.4.5). As gevolg van die dinamiese aard van die verskeidenheid van kontekste, kan die Kerk nooit by 'n punt kom waar sy ten volle "ver-inheems" het nie. Dit is 'n voortdurende proses waardeur daar telkens opnuut en vanuit elke nuwe konteks in nederigheid na die Skrif gegaan word om te verstaan wat die rol van die Kerk op daardie tydstip en binne daardie bepaalde konteks(te) is. *Inheemswording* is dus die vraag na die missie van die Kerk in die wêreld waarbinne sy haar bevind, en daarom is inheemswording 'n voortdurende proses van gesprekvoering tussen gelowiges vanuit verskillende kontekste en wêreldbeelde[8]. Die debat oor verskillende belydenisse deur gelowiges wat hul in dieselfde land (makro-konteks) en op dieselfde kontinent (mega-konteks) bevind, maar vanuit verskillende kultuur-kontekste, verskillende meso-kontekste en verskillende mikro-kontekste afkomstig is, is dus niks anders nie as deel van die Kerk se proses van inheemswording in die land en kontinent waar sy haar vandag bevind.

As gevolg van die geskiedenis van 'n groot klem op volks-inheemswording[9], is daar in hierdie studie baie klem gelê op die volgende stap van inheemswording vir die Kerk in Suid-Afrika, naamlik 'n inheemswording in terme van die *nasie* van Suid-Afrikaners. Hiermee word klem gelê op inheemswording op 'n makro-konteks skaal. Dit is nie die enigste klem wat in die Belhar-debat gelê word nie. Elke gemeente behoort haarself af te vra op watter vlak inheemswording die dringendste is – en in terme daarvan kan die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis gevra word. Dringendheid van inheemswording word byvoorbeeld bepaal deur te kyk na die krisisse en nood in die verskillende kontekste rondom 'n gemeente, en die vraag te vra: "Wat doen ons gemeente, ring of sinode om vir mense die hoop van die Evangelie te bring te midde van hierdie noodsituasie?" Waar hierdie vraag nie bevredigend beantwoord word nie, is die logiese gevolg dat die gemeente (dikwels in vennootskap met ander gemeentes[10]) 'n manier soek

---

[8] "Inheemswording" het in die Sendingwetenskap die konnotasie van kultuur en volk. "Kontekstualisering" bring ook die sosio-ekonomiese konteks ter sprake. "Wêreldbeeld" sluit beide konnotasies in, maar is baie moeilik te definieer. Hierdie studie sien "inheemswording" in 'n wye sin, waar kultuur, volk, sosio-ekonomiese konteks en wêreldbeeld 'n rol speel om die konteks te bepaal. Vir inheemswording in Suid-Afrika, is 'n kennis van die mense van Suid-Afrika in al hul verskillende fasette nodig.

[9] Vir 'n uiteensetting hiervan, sien hoofstuk 4, punt 4.2.

[10] Dink byvoorbeeld aan die Vennootskap vir Gestuurde gemeentes wat reeds op so 'n manier te werk gaan.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

om ook ten opsigte van hierdie spesifieke nood/krisis "inheems" te word. Tipiese noodsituasies wat tans in die Noordelike Sinode[11] bestaan, is byvoorbeeld die invloei van vlugtelinge uit Zimbabwe en 'n toename in dakloses en werkloses; die groot aantal huisrowe, gewapende rooftogte, inbrake en ander misdaad; die probleem van toenemende skuld binne die huidige ekonomiese omstandighede; en werkloosheid.

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het dus grootliks te make met die verskillende kontekste waarbinne mense hul bevind, en die inheemswording wat binne daardie kontekste in vooruitsig gestel word ter wille van die verkondiging en uitleef van die Evangelie in daardie kontekste. Daarom kan daar nie in hierdie studie volstaan word met 'n lysie van missionêre waardes wat die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het nie. Elke gemeente sal die missionêre waarde van dié belydenis ontdek in hul proses van inheemswording en missie-formulering, wanneer hulle Belhar betrek by die debat oor hul missie/taak in hierdie wêreld.

Vanweë die gevaar van eensydigheid, veral binne die geïsoleerdheid wat in Suid-Afrika die nagevolge van apartheid is, is dit belangrik dat gemeentes wat aan hierdie debat begin deelneem, dit nie net in eie kring sal voer nie. Lidmate van verskeie ander lede van die NG Kerk-familie behoort deel te vorm van die debat oor Belhar. So 'n debat kan selfs mettertyd uitkring na ander Gereformeerde kerke en ook nie-gereformeerde kerke.

*6.3.4 Riglyne vir die fasilitering van die debat*

Hoe moet daar in so 'n gesprek ingegaan word? Hoe kan gemeenteleiers so 'n debat fasiliteer? In Hoofstuk 3 (3.4.6) word rigtingwysers vir die gesprek oor die Belhar Belydenis gegee, waar gepraat word oor "Rigtingwysers vir die NG Kerk se inheemswording". Hierdie selfde rigtingwysers kan gebruik word deur leraars en ander gemeenteleiers wanneer gepraat word oor die Belhar Belydenis. Dit kan as volg saamgevat word:

a. *'n Missionêre benadering tot Evangelie en kultuur*: Die gesprek wat gevoer word oor die Belhar Belydenis is nie in die eerste plek bedoel as 'n gesprek om verskillende kulture en kontekste by mekaar uit te bring nie. Die doel daarvan is 'n missionêre klem, naamlik om die vraag te beantwoord: "Wat is die taak/doel/missie/roeping van die Kerk binne hierdie verskeidenheid van kulture en kontekste?" Leiers moet dus waak daarteen dat sulke gesprekke in 'n volkekundige of antropologiese debat ontaard. Die uitgangspunt vir die Kerk is om te vra na die wil van die Here vir 'n bepaalde konteks en tyd. Die resultaat waarna gestrewe word is om meer getrou en gehoorsaam aan die Skrif en sy Outeur te wees. Daarom moet daar voortdurend aan die Belhar

[11] Hierdie krisisse kom waarskynlik ook in ander sinodale gebiede voor, maar ek skryf hier uit eie ervaring oor die berigte in die gebied waar ek woon en werk.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Belydenis gevra word: "Wat openbaar hierdie dokument vir ons oor ons roeping om aan God gehoorsaam te wees in Suid-Afrika (en elders)?"

b. *'n Konfrontasie tussen fundamentele wêreldbeskouings vra nederigheid*: In Suid-Afrika kom drie die mees fundamentele wêreldbeskouings voor: Westers, Oosters en Afrika. Die debat oor die Belhar Belydenis gaan te beperk bly indien mense van een wêreldbeskouing slegs binne eie kring praat en nie ook mense van ander wêreldbeskouings by die gesprek betrek nie. Dit gaan 'n konfrontasie tussen fundamentele wêreldbeskouings beteken, en so 'n konfrontasie vra nederigheid. Gemeenteleiers sal in sulke gesprekke van die begin af die grondreël moet neerlê dat daar na mekaar geluister word, dat daar nie gekritiseer of aangeval word nie en dat die gesprek in 'n gees van diensbaarheid moet geskied. 'n Skrifgedeelte soos Markus 10:42-45 kan so 'n gespreksgesindheid inlei. Gemeentelede van verskillende gemeentes kan eers afsonderlik Bybelstudie doen van Skrifgedeeltes wat in Belhar ter sprake/relevant is, en dan die resultate vergelyk en bespreek.

c. *Sensitiwiteit vir diverse uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof*: Gemeenteleiers moet in die debat oor Belhar mense daarop voorberei dat daar verskillende uitdrukkingsvorme van dieselfde geloof bestaan. 'n Ander uitdrukkingsvorm is nie noodwendig 'n verkeerde uitdrukkingsvorm nie. Maniere van aanbidding word baie deur kultuur gevorm, en veral waar daar met mense uit verskillende kultuur-agtergronde gesprek gevoer word, moet daar 'n sensitiwiteit hiervoor wees. Dit sluit in dat daar ook hieroor oop en eerlike gesprek kan wees. Die riglyne wat in Filippense 1:9-11 en Kolossense 3:8-17 gegee word, kan deur gemeenteleiers benut word om met hierdie sensitiwiteit te help.

d. *'n Spanningsveld tussen wêreldbeelde noodsaak volgehoue herbesinning*: Gemeenteleiers moenie dink dat die debat oor die Belhar Belydenis in een kontakgeleentheid afgehandel gaan word nie. Gemeentelede wat gereed is om daaroor te besin het die roeping om ook mense wat nog nie daarvoor gereed is nie, deel te maak van die gesprek. Die debat gaan ook meer beteken namate gemeentelede van verskillende ander gemeentes binne die familie van NG Kerke deel gemaak word van die gesprek. Dit beteken ook dat die debat oor die Belhar Belydenis nie die enigste debat is wat missionêre waarde vir die NG Kerk het nie. Ander dokumente soos die *Laudium Declaration*, die *Kairos Dokument*, *Kerk en Samelewing* en *Geloofsverklaring 2000* kan op dieselfde wyse in 'n kerklike gesprek rigting gee aan die NG Kerk-familie se missie in Suid-Afrika en wyer vandag. In aansluiting hierby kan Efesiërs 5:10-17 van waarde wees.

e. *'n Drie-rigting dialoog is die begin van 'n oplossing vir die spanningsveld*: 'n Drie-rigting dialoog, oftewel 'n trialoog, is die enigste manier waarop die spanningsveld wat vandag nog tussen verskillende kulture, kontekste en wêreldbeelde binne die Liggaam van Christus in Suid-Afrika (en ander lande) bestaan, op te los. Die uitgangspunt van die trialoog moet wees dat jou



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

gespreksvennoot net soos jyself in 'n verhouding met die Vader staan, en daarom ook deur Hom aangespreek word vanuit die Skrif, net soos jy. Die enigste verskil is dat die gespreksvennote in verskillende omstandighede lewe, en dat hierdie omstandighede hulle dikwels verskillend laat luister na die Skrif. Hulle is vir verskillende dinge sensitief, maar die Vader is ook getrou: Hy openbaar Homself aan verskillende mense volgens elkeen se behoefte. Hy maak mense juis verskillend omdat hulle as deel van 'n Liggaam moet funksioneer en nie onafhanklik van mekaar nie. As riglyne vir hierdie gesprekvoering kan Efesiërs 4:16, 25-5:2 baie nuttig gebruik word.

f. *Bekering is nodig*: 'n Debat in die Kerk is nutteloos vir die mens wat die debat betree met die vaste oortuiging dat hy/sy reg is en van geen ander insig oortuig kan word nie. Nuwe insig wat lei tot bekering is nie van mense afkomstig nie. Dit kan slegs van die Heilige Gees af kom. Tog gebruik die Gees van God jou medegelowiges om nuwe perspektiewe te open. Deur die missionêre waarde van die Belhar Belydenis te bestudeer word daar nie gevra dat gelowiges hul tot die *belydenis* moet bekeer nie. Gelowiges word geroep om deur hierdie instrument (Belhar Belydenis), waarmee ander gelowiges hul geloof bely, opnuut na die Skrif te gaan kyk en, indien hul tot nuwe insig kom oor die Evangelie, hul in daardie opsig ook te bekeer tot God, hul Vader en Koning. Ware bekering gaan gepaard met 'n verandering in lewensuitkyk én lewensdade (Jakobus 1:22-27), en wanneer God 'n mens tot nuwe insig bring, is dit van die uiterste belang om ook daarop te reageer deur bekering (kyk bv. na Openbaring 3:17-19). Daarom is debatvoering oor Belhar of enige ander saak in die Kerk van voortdurende gebed afhanklik. Wanneer gemeenteleiers so 'n debat fasiliteer is dit raadsaam om genoeg ruimte te gee vir gebed waarin die afhanklikheid en gehoorsaamheid aan die Hemelse Vader betuig word. Noukeurig uitgesoekte liedere kan ook in hierdie opsig van groot waarde wees.

Benewens hierdie missionêre perspektiewe op die fasilitering van 'n debat oor die Belhar Belydenis, is daar natuurlik ook baie ander faktore wat so 'n debat kan aanhelp of belemmer. Sommige gemeenteleiers het 'n natuurlike aanvoeling vir hierdie tipe gesprekvoering, en dikwels het hulle ook hul vaardighede om sulke gesprekke te lei, goed ontwikkel. Persoonlike styl en kommunikasievaardighede speel 'n belangrike rol in die fasilitering van gesprekke. Dit is nie die doel van hierdie studie om op sulke aspekte in te gaan nie, want hier word op die missionêre klem gelê. Ons sal volstaan met nog twee opmerkings.

Eerstens, wat ookal die benadering van 'n gemeenteleier, een van die mees belangrike fasette van die lei van sulke gespreksgroepe is die vermoë om te luister. 'n Fasiliteerder het nie die taak om oordele te vel, of te besluit wat reg of verkeerd is aan die inhoud van die gesprek nie. Hy/sy het bloot die taak om dit wat gesê word so suiwer as moontlik te hoor, dit weer te gee en seker te maak dat almal in die groep die essensie van dit wat gesê word, aanhoor.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Tweedens, gemeenteleiers wat nie tuis voel in so 'n proses of opgewasse is om as fasiliteerder op te tree in hierdie debat nie, moet eerder terugstaan en 'n ander persoon of gemeenteleier die geleentheid gee om die gesprek in sy/haar gemeente te fasiliteer. So 'n persoon moet waak daarteen om nie in die weg van die debat oor Belhar te staan, bloot omdat hy/sy vreemd voel daarbinne nie. Dit gaan immers nie in hierdie debat oor persoonlike gevoelens of bekwaamhede nie, maar om die missionêre dimensie wat soek na 'n dieper en voller verstaan en uitleef van die Skrif en die Evangelie.

Met hierdie opmerkings as agtergrond, gaan daar nou stilgestaan word by 'n aantal aktuele temas rondom die Belhar Belydenis wat vloei uit onderhoude tydens hierdie navorsing.

## 6.4 'n Verwysingsbron van aktuele temas in die Belydenis van Belhar

In die bespreking wat hier volg, word 'n aantal aktuele temas uitgelig wat in die Belhar Belydenis ter sprake kom. Die bedoeling is nie om 'n volledige lys van temas hiermee saam te stel nie, maar eerder om die temas wat voorgekom het by die verskeie respondente van onderhoude (sien Hoofstuk 7), na vore te bring. Die doel daarvan is om 'n handige verwysingsbron te skep vir gemeenteleiers en leraars wat 'n oop gesprek oor die Belhar Belydenis fasiliteer. Hierdie verwysingsbron gee kommentaar van die respondente oor temas wat in die belydenis voorkom of daarmee verband hou.

Ter wille van duidelikheid en maklike gebruik, word die menings van die verskillende respondente onder elkeen se naam (of anonieme naam) gegroepeer. Sodoende kan die betrokke onderhoud in Hoofstuk 7 nagegaan word om die presiese konteks en bewoording van die opmerking op te spoor, want opmerkings wat hier weergegee word is nie woordelikse aanhalings uit die onderhoude nie, slegs samevattende parafrases. Die volgorde waarin die respondente se menings gelys word, is alfabeties rangskik en dui geensins op orde van belangrikheid nie.

Aan die einde van elke tema word die hooftrekke kortliks saamgevat onder die hofie: "Samevatting".

### *6.4.1 Ontstaans-konteks van Belhar*

*Anoniem 1:*

- Die missionêre waarde van Belhar is eerstens dat dit 'n bepaalde politieke konteks aangespreek het in belydenistaal. Die drie groot woorde van die Belydenis van Belhar: eenheid, versoening, geregtigheid was gerig op die konteks van die tagtigerjare. In plaas van



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

eenheid was daar verwydering tussen mense in die kerk en die samelewing, mense het aan verskillende kante van die grens gestaan en mekaar beveg, vreemdelingskap en vyandskap het vererger. In plaas van versoening (deur die offer van Christus is dit moontlik dat mense in versoening met mekaar kan lewe) was daar die skyn-evangelie van apartheid wat gereken het dat as mense uitmekaar gehou word, daar rus en vrede in die land sal wees. In plaas van geregtigheid het baie mense seergekry en alles wat daarmee saam gebeur het. Belhar was 'n teologiese respons op wat in die samelewing en in die kerk aan die gang was.

- Ten diepste lê die waarde van die Belydenis daarin dat dit baie mense gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie. Die Belydenis van Belhar was (ironies dalk) die redding van die NG Kerk familie, want dit het veroorsaak dat mense die NG Kerk familie nie summier en finaal afgeskryf het nie.

*André Bartlett:*

- Die waarde van die Belhar Belydenis lê juis daarin dat dit 'n regstelling bring op punte waar waarhede van die Evangelie in gedrang gekom het. Dit het dus nie net gegaan oor 'n fout wat begaan is nie, maar oor 'n standpunt wat prinsipiëel verkeerd is.

- 'n Groot verskil tussen *Belhar* en *Kerk en Samelewing*, is dat laasgenoemde 'n beleidsdokument is, terwyl eersgenoemde gaan ook die belydenis van geloof.

- Baie mense sal erken dat apartheid 'n fout was, maar nie dat dit 'n dwaling is nie. Die waarde van die Belhar Belydenis is dat dit hierdie dwaling in geloof uitwys.

- Niemand wat deel was van die sisteem van apartheid kan sê dat hulle eintlik onskuldig was nie. Die sisteem het mense verontreg, en die mense wat daardie sisteem in stand gehou het, was mede-verantwoordelik daarvoor.

*Jaap Durand:*

- Die agtergrond van die Belhar Belydenis*:*

  By die Universiteit van die Wes-Kaap is gesprekke gevoer oor die teologiese begronding van apartheid. By die sinode van die NGSK in 1978 is 'n mosie rondom hierdie gedagtes aanvaar. Dr. Allan Boesak het die besluit van die NGSK na die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (Afr: WBGK; Eng: WARC) geneem, waar verklaar is dat die teologiese regverdiging van apartheid kettery en sonde is.

  Daarna het die 1982 sinode plaasgevind, waar Allan Boesak terug rapporteer het dat apartheid bestempel is as kettery en sonde by die WBGK. Gustav Bam het gesê dat 'n klag van kettery



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

nie sonder 'n positiewe belydenis kan plaasvind nie, en die sinode het besluit om 'n belydenis op te stel. 'n Kommissie is hiervoor saamgestel. Dirkie Smit en Jaap Durand was ook hierby betrokke.

'n Belydenis is opgestel, en met enkele wysigings deur die sinode as die *1982 Konsep Belydenis* aanvaar. By die sinode in 1986 is hierdie belydenis as die *Belhar Belydenis* aanvaar deur die sinode.

*Andries Louw:*

- Die konteks waarbinne die Belhar Belydenis tot stand gekom het, is baie belangrik vir die verstaan van die Belydenis. Dit het tot stand gekom binne die raamwerk van 'n apartheids-bestel wat deur sommiges teologies geregverdig is, maar baie mense groot ellende aangedoen het, gelowiges én ongelowiges. Belhar was 'n byna onvermydelike reaksie vanuit die gereformeerde tradisie binne hierdie omstandighede.

- Die Belhar Belydenis het vir sendelinge uit die NG Kerk, wat in die NGSK gewerk het, gehelp om die teenstrydigheid wat die apartheidsbeleid met die eenheid tussen gelowiges gebring het, te verwoord.

- Die Belhar Belydenis het groot waarde gehad om die menswaardigheid van die mense in die NGSK te bevestig vanuit die Skrif.

- Die Belhar Belydenis plaas die NG Kerk voor die keuse of dilemma om finaal met 'n apartheidsverlede te breek. "Wit"-mense ervaar vandag marginalisering, en sou Belhar kon gebruik om te protesteer daarteen, maar dit is emosioneel moeilik, want hul ervaring is dat Belhar aanvanklik deur "Bruin"- en "Swart"-mense teen "Wit"-mense gebruik is – al word dit duidelik in die begeleidende brief anders gestel.

*Reggie Nel:*

- Binne 'n persoonlike belewenis van vernedering as gevolg van die rasse-beleid in Suid-Afrika destyds, het die Belhar Belydenis vir mense 'n bevestiging van hul menswaardigheid beteken. Dit is veral waar in terme van die mense wat voorheen as "kleurling" beskou is. Hierdie mense het nog konnotasies gehad van 'n "Gam-geslag" of die historiese slawe-praktyke.

*Samevatting:*

Al die respondente is dit eens dat die Suid-Afrikaanse konteks waar die hele samelewing deur *apartheid* beïnvloed is, 'n uiters belangrike rol gespeel het in die totstandkoming van die Belhar Belydenis. Daar is ook redelike konsensus dat die Evangelie in gedrang gekom het binne hierdie



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

konteks en dat Belhar 'n regstelling daarop bied. As belydenis wat binne 'n bepaalde konteks geskryf is, het Belhar die waarde dat dit:

- Mense gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie;
- Mense se menswaardigheid bevestig;
- Mense gehelp het om die teenstrydigheid wat apartheid vir die eenheid tussen gelowiges meegebring het, te verwoord;
- Die NG Kerk voor die keuse gestel het om finaal met 'n apartheidsverlede (in die kerk) te breek.

*6.4.2 Artikel 2: Eenheid en eenwording as getuienis*

*Anoniem 1:*

- Eenwording binne die NG Kerk familie is die een enkele ding wat in die huidige Suid-Afrika steeds 'n magtige getuienis die wêreld kan instuur. In daardie sin het die Belydenis 'n baie sterk missionêre dimensie. Die NG Kerk-familie moet hande vat om die probleme in die land te help oplos.

*André Bartlett:*

- Gesprekvoering tussen mense van die NG Kerk en mense van die VGKSA is nodig, en die Belhar Belydenis kan daarmee help.
- Die NG Kerk kan nie Christus se versoening verkondig, as hul nie bereid is om dit in die familie van NG Kerke te beoefen nie. Hier gaan dit weereens om die geloofwaardigheid van die Kerk se boodskap.

*Johan Botha:*

- Belhar help ons en roep ons en sê vir ons: "Julle hereniging is nie 'n saak van eie keuse nie, dit het ten diepste te make met die geloofwaardigheid van die boodskap wat julle verkondig. Die Evangelie se geloofwaardigheid is op die spel. As julle dit nie doen nie, hoekom moet mense glo in die versoeningskrag en die eenheidsverkondiging van die evangelie van Christus? Hoekom sal hulle in Hom glo? So, julle Here en sy Evangelie is op die spel."



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*Nico Koopman:*

- Die Eenheid is belangrik (Artikel 2). Eenheid beteken om een van siel en sin te wees, om saam die gesindheid van Christus te deel, om te dink soos Christus, te voel soos Christus, te wil en te begeer soos Christus. Eenheid beteken om uit simpatie met mekaar te leef, om in mekaar se vreugde te deel, in mekaar se leed te deel uit empatie.

- Die NG Kerk kan soveel kragtiger werk in die samelewing, en getuig in die samelewing, saam werk, as dit gedoen word as 'n verenigde kerk. Terwyl dit nog nie die geval is nie, moet gewerk word aan die interne verenigingsprosesse, asook voortgegaan word om in die publiek 'n getuienis te probeer lewer en 'n konkrete betrokkenheid te vergestalt.

*Daniël Maluleke:*

- Die Evangelie verkondig dat daar wel 'n geestelike eenheid in die kerk bestaan, maar dit moet ook sigbaar wees – veral vanuit 'n missionêre hoek beskou.

- Kerkeenheid is moontlik as ons mekaar liefhet, mekaar verdra en vir elke persoon ruimte maak. Ons het verskillende gawes, maar ons moet ruimte maak sodat elkeen sy gawe kan uitleef en bydra – maar nie téénoor die ander nie – wel om die ander te verryk. Dit is wat ons nodig het.

- Die Belhar Belydenis word deur baie Afrikaners gesien as 'n aanklag teen hulle. Daarom is aanvaarding moeilik. Die probleem word vererger solank daar slegs binne die NG Kerk gepraat word oor die Belhar Belydenis, en nie na buite gesprek gevoer word nie.

*Hannes Theron:*

- Binne die tydsgees waarin ons leef, is die kerkorde nie die enigste manier waarop eenheid in die NG Kerk-familie, en selfs eenheid met ander kerke uitgeleef kan word nie. Daar is ook die moontlikhede van samewerking, assosiasie en vennootskappe. Die kerkorde bied min ruimte vir hierdie tipe benaderings.

*Samevatting:*

Die meeste respondente stem saam dat die Belhar Belydenis 'n baie groot bydrae tot die eenheid van die kerk in Suid-Afrika kan lewer, en dat die totstandkoming van 'n sigbare eenheid binne die familie van NG Kerke 'n uiters belangrike missionêre boodskap dra. Die geloofwaardigheid van die NG Kerk-familie word direk geraak deur die mate waarin hul slaag om 'n eenheid te vertoon in ooreenstemming met die Bybelse Boodskap van eenheid wat hul verkondig. Daar is egter nie eenstemmigheid oor presies hoe so 'n eenheid verwesenlik moet word, of hoe dit moet lyk nie.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Almal is dit eens dat daar (met behulp van Artikel 2 van Belhar) hard gewerk kan en moet word aan die verhoudings tussen gelowiges in die familie van NG Kerke, ongeag of 'n formele hereniging realiseer of nie.

*6.4.3 Artikel 3: Versoening*

*Anoniem 2:*

- Die Belhar Belydenis is uiters relevant vir vandag. Versoening is nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan gesien word in (a) die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk, en (b) die politieke flanke wat al hoe meer na vore kom (bv. met die liedjie "De La Rey" en die verdeeldheid in die ANC).

*Johan Botha:*

- Belhar het baie waarde in ons samelewing wat neig om te verbrokkel en te verbreek en waar mense téénoor mekaar te staan kom. Dit is in die hart van die Belhar Belydenis om die saak van versoening op die tafel te sit. Versoening, tussen God en ons en ook tussen ons met mekaar.

*Pieter Grove:*

- In die hart van Belhar lê die vraagstuk van identiteit: Wie en wat is die kerk? Die kerk word gekonstitueer daar waar die versoening van Christus tot sy reg kom. Daardie "in Christus-wees" oorheers alle ander strukture.

- Belhar herinner aan die breë impak van die versoeningsleer, naamlik dat dit nie beperk moet word tot die mens en God nie, maar dat die mens ook in sy verhoudinge met sy naaste en selfs die skepping deur ons versoening in Christus geraak word.

- Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag ... Versoening: dat almal ingesluit word in die nuwe gemeenskap, ongeag velkleur. Dit beteken dat gelowiges mede-verantwoordelikheid moet neem vir mense wat gemarginaliseerd is.

*Samevatting:*

Die respondente stem grootliks ooreen dat daar nog baie gewerk moet word aan versoening in die hedendaagse samelewing. Die derde artikel van Belhar kan hierin 'n groot bydrae maak. Die huidige samelewing word beskryf as 'n gemeenskap waar politieke flanke al meer na vore kom (politieke ekstremisme), wat neig om te verbrokkel en te verbreek, waar mense téénoor mekaar te



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

staan kom, en waar mense gemarginaliseerd is. Hierdie artikel word selfs uitgebrei na die mens se verhouding met die res van die skepping (omgewingsbewaring).

*6.4.4 Artikel 4: Geregtigheid, armoede en bevrydingsteologie*

*Anoniem 1:*

- Artikel vier van die Belhar Belydenis kan ons help om 'n nuwe verstaan van noodlydendes te ontwikkel. Wat beteken die stryd om geregtigheid te midde van 'n goeie ekonomie, die vrae rondom die ekologie en die globale konteks waarin ons vandag leef? Wat beteken hierdie artikel vir die noodlydendes in 'n land soos Zimbabwe?

*Pieter Grove:*

- In die hantering van armoede, kom die geregtigheids-aspek en die versoenings-aspek van Belhar baie sterk na vore. Armoede kan nie alleen deur armes aangespreek word nie, dit moet deur die breë samelewing, deur gelowiges gesamentlik, aangespreek word. Die motivering daaragter is 'n teologiese verstaan van die kerk wat 'vir mekaar' sorg dra.

- Belhar spreek die sisteme wat armoede in stand hou, aan.

- Die Belhar Belydenis het nie sy wortels in die bevrydingsteologie nie, maar in die Barmen Verklaring. Dit is sterk Calvinisties en verkondig dat Christus se heerskappy op elke terrein van die samelewing moet geskied. Daarom moet die natuurlike nie so verabsoluteer word, dat die Kerk haar lewe daarvolgens rig nie.

- Daar is baie NG Kerk gemeentes wat gereed is om 'n bydrae maak tot die armoede-vraagstuk, maar hulle weet nie aldag hoe nie. Die Konvent tussen die NG Kerk en die VGKSA in die Wes-Kaap hou waarskynlik hiermee verband.

*Andries Louw:*

- Die aanklag dat Belhar bevrydingsteologie is, is nie geregverdig nie. Die sosio-ekonomiese omstandighede in ons land, veral ten opsigte van armoede, maak dat Belhar steeds baie relevant is. Dit bly 'n vraag: Wat word vir die armes gedoen?

*Daniël Maluleke:*

- Die boodskap van Belhar is dat jy nie 'n skeiding kan bring tussen uitreik en versorging nie. Mense moet die liefde van jou woorde kan sien.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*Hannes Theron:*

- Die grootste weerstand teenoor die Belhar Belydenis kom uit die vierde Artikel oor *ongeregtigheid in die samelewing*, waarskynlik omdat dit mense ongemaklik maak. Dit wys op die emosionele (simboliese) betekenis van Belhar.

*Samevatting:*

Hierdie vierde artikel word deur byna al die respondente in verband gebring met die armoede-vraagstuk in Suider-Afrika. "Armes" word egter verskillend gedefiniëer, wat daarop dui dat Artikel 4 'n wye toepassingsmoontlikheid het. Sosio-ekonomiese armoede is nogtans hoog op die agenda van hierdie deel van Belhar, en die Belydenis kan in terme daarvan 'n groot bydrae maak om die NG Kerk-familie te help om die vraagstuk oor armoede in Suid-Afrika, Suider-Afrika en Afrika meer effektief en meer Bybels-gefundeerd aan te pak.

### *6.4.5 Artikel 5: Gehoorsaamheid*

*Anoniem 1:*

- Artikel vyf van die Belhar Belydenis het te make met doksologie en gehoorsaamheid. Die missionêre waarde lê eerstens daarin dat die liturgie (waar doksologie gevier word) en erediens die beginpunt van die sending is. Vanuit hierdie geloofsgemeenskap word mense gestuur om in die wêreld 'n verskil te maak. Tweedens, het gehoorsaamheid te make met dissipelskap. As ons op grond van die Belydenis van Belhar - met die momente van eenheid, versoening en geregtigheid - dissipels kan kweek wat diep toegewy is aan die Here Jesus Christus, sal die kerk totaal 'n ander ding wees in ons land.

*Johan Botha:*

- Al drie kern-artikels van Belhar beklemtoon ons verbondenheid met mekaar as God se wil en onder die heerskappy van Christus. Ons *is* om dié rede een, of ons daarvan hou of nie, ons het dit nie gekies nie.

*Pieter Grove:*

- Die Belydenis van Belhar spreek die VGKSA op dieselfde kritiese wyse aan as wat dit die NG Kerk sou aanspreek. Baie NG Kerk mense besef dit nie. Die moeite waarmee hulle worstel met die Belydenis van Belhar – om dit waarlik te hoor – daardie selfde moeite ondervind die VGKSA om dit uit te lewe.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*Samevatting:*

Hoewel hierdie artikel min eksplisiet genoem word, vorm dit dikwels die onderbou van die gesprek oor Belhar. Hier gaan dit oor die drang van gelowiges om werklik gehoorsaam te bly aan die wil van God. Dit is belangrik om hierdie perspektief te behou, want enige ander motiewe as die verheerliking van ons Hemelse Vader, is onaanvaarbaar in die gesprek oor 'n belydenis soos die Belhar Belydenis.

*6.4.6 'n Denkskuif (wegkom van piëtisme) in die ekklesiologie van NG Kerk-familie*

*Johan Botha:*

- Die Belhar Belydenis is vandag bruikbaar in terme van die ekklesiologie: die verskille tussen die dele van die NG Kerk-familie.

*Andries Louw:*

- Belhar kan Christene (en die NG Kerk-familie) help om weg te kom van 'n piëtistiese soort spiritualiteit, wat net bekommerd is oor die redding van die siel. Belhar sê baie duidelik dat die Christelike geloof ook in die samelewing 'n rol het om te speel.

*Reggie Nel:*

- In die NGSK het 'n verskuiwing in spiritualiteit plaasgevind: vanaf 'n vroomheids-tipe af, wat meer gesteld was op die individuele, die persoonlike aard van sonde, na die begrip dat sonde ook sosiale sake, strukturele sonde en ongeregtigheid insluit.

*Samevatting:*

Enkele respondente stem saam dat die Belhar Belydenis ook meehelp om minder "piëtisties" oor die Kerk te dink. Dit is veral insiggewend om kennis te neem van Johan Botha se opmerkings oor die ekklesiologiese bydrae van Belhar, veral aangesien hy van kleins af beide eredienste van die NGSK en die NG Kerk bygewoon het, en daarom ervaring van die spiritualiteite van albei het.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*6.4.7 Belydenisse uit die Reformasie en 'n eietydse belydeniskarakter*

*Jaap Durand:*

- Dit is foutief om te beweer dat die Belhar Belydenis Allan Boesak of Jaap Durand of Dirkie Smit se belydenis is. Die Belydenis het die geloof van die NGSK-sinode uitgespel oor die sake wat uit die apartheidskonteks na vore gekom het, naamlik *eenheid, versoening en geregtigheid*.

- Hoewel die sake wat in Belhar voorkom, nie uitgespel word in die belydenisse uit die Reformasie nie, beteken dit nie dat hierdie sake eers in ons eeu ontdek is nie. Dit kom baie sterk in die Skrif na vore, en die Belhar Belydenis is op hierdie elemente in die Skrif gebaseer.

- Die NG Kerk is besig om bewus te word dat daar aan hierdie sake aandag gegee moet word.

*Pieter Grove:*

- 'n Belydenis is 'n uitroep in 'n bepaalde oomblik. Dit is 'n uitspraak wat bely - dit probeer nie teologies wetenskaplik korrek wees nie - dit probeer wel Bybels-getrou wees.

*Andries Louw:*

- Daar is 'n moontlikheid om belydenisse uit die Reformasie te skei van meer moderne belydenisse, soos die Belhar Belydenis en die Laudium Verklaring, maar daar sal waarskynlik baie weerstand teen so 'n gedagte wees.

- Die emosionele lading rondom die Belhar Belydenis speel 'n belangrike rol. Aan die een kant word gesê dat Belhar nie meer 'n absolute vereiste is nie, maar aan die ander kant gaan dit een van die gemeenskaplike belydenisse van die nuwe (beplande herenigde) kerk wees. Ons kan nie daarvan wegkom dat Belhar deel van die belydenis gaan wees nie.

*Samevatting:*

Een van die belangrikste bydraes wat die Belhar Belydenis in die NG Kerk-familie gemaak het, is dat dit die gesprekvoering en nadenke oor Gereformeerde belydenisse baie gestimuleer het. Die opmerkings van die respondente hierbo illustreer dit. Dit is egter ook duidelik dat daar 'n groot verskeidenheid sienswyses rondom belydenisse, hul waarde, status en funksie bestaan. Hieroor sal meer duidelikheid verkry moet word ter wille van 'n oop en eerlike debat oor die Belhar Belydenis (asook ander dokumente soos die *Laudium Verklaring*).



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

### 6.4.8 Gesprek/kontak tussen die NG Kerk en die VGKSA

*André Bartlett:*

- Die NG Gemeente Aasvoëlkop het in die tydperk ná 1994 die Belhar Belydenis bespreek en besluit dat dit nie 'n struikelblok vir kerk-hereniging moet wees nie. Daar was twee groepe mense in hierdie gemeente: persone wat baie sterk positief gevoel het oor die Belhar Belydenis, en persone wat gevoel het dat dit nie 'n struikelblok moet wees nie.

- Die konteks van die NG Gemeente Aasvoëlkop speel moontlik 'n groot rol in die gemeente se benadering tot die Belhar Belydenis. Aan die een kant is dit mense wat in die korporatiewe wêreld gewoond is aan samewerking oor rasse-grense heen. Aan die ander kant is hierdie mense nie gewoond aan 'n saak wat lank sloer nie. Hulle kom vanuit 'n konteks waar daar dikwels akkommoderend gewerk moet word sodat 'n saak afgehandel kan word.

- Nouer samewerking met die VGKSA in hul omgewing, lê nog in die toekoms van die Aasvoëlkop gemeente.

*Andries Louw:*

- Die kerkregtelike implikasies van die herenigingsproses bemoeilik sake voortdurend.

- 'n Groter dilemma is dat daar baie min of geen kontak tussen NG Kerk gemeentes en gemeentes van die VGKSA is nie.

- Die *status confessionis* en die kettery-aanklag teen die NG Kerk, in kombinasie met die mate waarin sommige VGKSA gemeentes finansiëel afhanklik van die NG Kerk is, het die verhoudings baie vertroebel tussen gemeentes.

- Die hantering van finansies bly 'n probleem in 'n herenigde kerk.

*Daniël Maluleke:*

- Die belydenis sê dat as ek jou liefhet en ek jou respekteer, sal ek vir jou ruimte maak. Dit is nie 'n saak waar jy in 'n bepaalde situasie ingedwing moet word nie.

*Samevatting:*

Dit is duidelik uit die response dat die gesprek oor kerkhereniging in die NG Kerk-familie 'n baie komplekse saak is, en dat die Belhar Belydenis maar net één van die kwessies daarbinne uitmaak. Die onderhoude wat gevoer is, laat die indruk dat die gesprek oor die Belhar Belydenis eenvoudiger gevoer kan word as dit nie binne die raamwerk van kerkhereniging gevoer moet word



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

nie. Die aandrang van die VGKSA dat die Belydenis aanvaar moet word as deel van 'n hereniging, beperk egter hierdie moontlikheid.

*6.4.9 Die universele karakter van Belhar*

*Anoniem 1:*

- Die waarde van Belhar lê ook daarin dat die Belydenis nie slegs beperk kan word tot Suid-Afrika nie, maar vir baie kerke wêreldwyd van waarde is. Dit is die eerste Belydenis van sy soort uit die kontinent van Afrika is.

*Anoniem 2:*

- Die grootste waarde wat Belhar vir die NG Kerk het, is dat dit die kerk kan help om in lyn te bly met kerke van die Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom behoort die NG Kerk erns te maak met hierdie Belydenis.

*André Bartlett:*

- Die blywende waarde van Belhar is dat dit geformuleer is om ook in nuwe situasies dieselfde waarheid te bevestig.

*Johan Botha:*

- Belhar is van waarde vir verskeie kerke met wie die VGKSA te make het in Afrika.
- n Belydenis het 'n dubbele karakter: dit praat tegelykertyd ín spesifieke omstandighede, maar styg ook bó die omstandigheid uit. Dit is die geval met Belhar en die Heidelbergse Kategismus.

*Pieter Grove:*

- Die waarde van die Belhar Belydenis lê daarin dat dit op 'n heldere wyse, op 'n kontemporêre wyse, eeu-oue Bybelse waarhede verwoord. Dit roep die kerk terug na daardie sentrale waarhede.
- Elke belydenis het 'n aspek van tydsgebondenheid, want dit kom op uit 'n sekere situasie van konflik, maar elke ware belydenis is ook 'n belydenis wat daardie omstandighede transendeer omdat dit aanklank vind by die ewige waarheid van die Woord, en dit probeer uitdruk. Daarom is dit toepaslik vir verskeie tye en verskeie omstandighede.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*Nico Koopman:*

- Belhar, soos wat 'n belydenis moet doen, is nie tydgebonde nie. Dit het ontstaan in 'n bepaalde periode, maar is nie net tot daardie periode beperk nie. Dit het geldingskrag buite die periode waarin dit opgestel is

*Andries Louw:*

- Hoewel Belhar voortgespruit het vanuit die apartheidskonteks, is dit tog in 'n meer universele taal geskryf. Daarvoor moet erkenning gegee word – en daar is kerke in die res van die wêreld wat tans na Belhar kyk.

*Samevatting:*

Al die respondente is oortuig van die universele karakter van die Belhar Belydenis. Hoewel dit toegespits is op 'n bepaalde konteks (sien 6.4.1), het die belydenis baie waarde vir ander kontekste in ander wêrelddele en ander tye. Hierdie universele karakter maak 'n hedendaagse lees van die Belhar Belydenis moontlik, en verseker dat hierdie belydenis ook vandag waarde het vir die Kerk.

*6.4.10 Die kerk as eksemplaar of alternatiewe gemeenskap*

*Anoniem 1:*

- Die kerk as alternatiewe gemeenskap is 'n geweldige sterk missionêre perspektief en gerigtheid. Die kerk moet voorbeeldig wys hoe versoening lyk. Deur die kerk as teken of eksemplaar, kan dit dalk gebeur dat mense groot respek kry vir die Evangelie en vir Jesus Christus en hulle kan nader getrek word.

*André Bartlett:*

- Belhar het, in 'n nuwe soort wêreld, 'n sosiale visie vir die kerk. Dit maak sin in die tyd waarin ons leef, en daarom is dit aanvullend tot die bestaande belydenisskrifte

- Vanuit 'n koninkryksteologie sê die kerk dat daar op geen terrein in die lewe oortree moet word nie en dat daar op geen terrein oortreding toegelaat moet word, sonder dat dit aangespreek word nie. In daardie konteks bring Belhar gereformeerde koninkryksteologie weer solied op die tafel.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*Johan Botha:*

- As ons die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en veral die NG-familieverband nie aanspreek nie, en as ons nie sê "Wys 'n alternatief", of "Gee vir die gemeenskap 'n voorbeeld van 'n versoende gemeenskap" nie, watter hoop is daar dan? Die hart van die Belhar Belydenis sit die saak van versoening op die tafel, wat ons roep om as versoendes 'n verskil te maak in ons samelewing.
- Die geloofsgemeenskap is van so 'n aard dat ons nie deur die bril van die vlees na mekaar kyk nie, maar met die oë van Christus, en daarom moet ons samelewingstrukture wat mense uitmekaar hou, oorbrug en selfs teenstaan. Daarom is Belhar 'n bron-dokument.

*Pieter Grove:*

- Die Belydenis van Belhar het 'n belangrike eskatologiese element, dit gee hoop. In plaas daarvan dat mense aanvaar dat die wêreld is soos dit is, wys Belhar vir ons waarna ons reeds op aarde kan werk, want God hou vir ons die hemel voor.

*Nico Koopman:*

- Belhar voorsien 'n visie. Daar moet baie hard gewerk word om gesprekke te kry, om te help dat daar besluite gemaak word, beleid geformuleer word, prosedures in plek kom, om te help dat die visie beliggaam word.
- Belhar gee vir 'n goeie raamwerk vir die familie van NG Kerke vir gesamentlike belydenis, getuienis en aksie.

*Samevatting:*

Die meeste respondente stem saam dat die Belhar Belydenis die Kerk help om as 'n voorbeeld in die wêreld te funksioneer. Hier gaan dit ten diepste oor die missionêre roeping van die Kerk in die wêreld. Belhar voorsien 'n visie, wat gebaseer is op die koninkryk van God, en wat die NG Kerk-familie kan help om 'n verskil te maak in die samelewing van vandag.

*6.4.11 Hedendaagse toepassing van Belhar*

*Anoniem 2:*

- 'n Tweede waarde wat Belhar vir die NG Kerk meebring, is die beskerming van die regte van minderhede.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

- Die Belhar Belydenis is uiters relevant vir vandag. Versoening is nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan gesien word in (a) die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk, en (b) die politieke flanke wat al hoe meer na vore kom (bv. met die liedjie "De La Rey" en die verdeeldheid in die ANC).

*Johan Botha:*

- Die Belhar Belydenis moet <u>in die tyd waarbinne ons vandag leef</u>, teen die Skrif getoets word om te bepaal of dit 'n belydenis is en of dit die Bybelse boodskap dra.

*Jaap Durand:*

- Al het die omstandighede sedert 1982 baie verander, bly die Belhar Belydenis aktueel, omdat dit nie net geskryf is vir daardie tyd nie. Die sake wat daarin aangeraak word, word nie so duidelik omskryf in die drie Formuliere van Eenheid nie, en daarom is dit steeds belangrik. Die Suid-Afrikaanse samelewing en Kerk is nog nie klaar met eenheid, versoening en geregtigheid nie.

*Pieter Grove:*

- Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag en dit is deels 'n geregtigheidsvraag. Versoening: dat almal ingesluit word in die nuwe gemeenskap, ongeag velkleur. Dit beteken dat gelowiges mede-verantwoordelikheid moet neem vir mense wat gemarginaliseerd is. Geregtigheid: dat dit van toepassing is op almal wat benadeel word, nie net die materiëel armes nie, ook die armes van gees.

*Nico Koopman:*

- Die Belhar Belydenis gee teologiese rigtingwysers uit die Woord van God. Dit het gegeld vir apartheid en geld ook <u>nou in 'n nuwe konteks</u>, waar daar gebou word aan 'n nuwe land waar mense kan leef in eenheid en versoening en geregtigheid met mekaar.
- Belhar, wat praat van versoening en geregtigheid, sê dat as die NG Kerk een word, aktuele knelpunte meer konstruktief aangespreek kan word in Suid-Afrika as wat huidiglik gedoen word.

*Daniël Maluleke:*

- Die Belhar Belydenis het 'n boodskap vir alle mense binne die samelewing en omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Wanneer daar in ons tyd steeds op grond van ras werk gegee word aan mense (regstellende aksie), en nie op grond van kwalifikasie nie, wys Belhar dat dit ook verkeerd is. Daar is wel die historiese agtergrond van Belhar, maar mens kan vandag



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

Belhar verklaar vanuit ons hedendaagse situasie, en dieselfde stok slaan ook na die VGKSA, die NGKA of selfs die ANC regering.

*Hannes Theron:*

- Die Belhar Belydenis se waarde gaan toeneem vir die NG Kerk se wit lidmate, bloot omdat die omstandighede rondom hulle verander het en omdat hulle 'n baie sterk minderheidsgroep is in Suid-Afrika. Die omstandighede vir hierdie lidmate begin in baie opsigte ooreenstem met die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Belhar Belydenis.

*Samevatting:*

Al die respondente is oortuig van die hedendaagse toepassingswaarde van die Belhar Belydenis vir die Kerk. Dit sluit ten nouste aan by die vorige tema (6.4.10. *Die kerk as eksemplaar of alternatiewe gemeenskap*). Volgens die onderhoude kan Belhar toegepas word op sake soos: die beskerming van die regte van minderhede; die bevordering van eenheid, versoening en geregtigheid in die samelewing en Kerk; die regte van mense wat gemarginaliseerd is; die bystand aan armes, nie net die materiëel armes nie, ook die armes van gees; die bouproses aan 'n nuwe land; ‘n meer konstruktiewe aanspreek van aktuele knelpunte; en die hantering van regstellende aksie.

*6.4.12 Simboliese betekenis van Belhar*

*Anoniem 2:*

- Belhar het belangrike simboliese betekenis vir die VGKSA en vir die NG Kerk. Vir die VGKSA het dit te make met hul menswaardigheid. Vir die NG Kerk is dit ‘n simbool van vernedering.

*Johan Botha:*

- Mense het emosionele weerstand teen Belhar, want mense reageer teenoor hul stereotipe voor-verstaan van persone.
- n Tweede weerstand teen Belhar bestaan omdat Belhar mense se denke en leefwêreld bevraagteken het.

*Nico Koopman:*

- Die Belhar Belydenis is ‘n uitdrukking van die geloof wat in die harte van mense van die NGSK geleef het (en nog steeds leef). Hulle het dit nie by ander gehoor nie, hulle het met daardie geloof grootgeword.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

*Daniël Maluleke:*

- Die Belhar Belydenis word deur baie Afrikaners gesien as 'n aanklag teen hulle. Daarom is aanvaarding moeilik. Die probleem word vererger solank daar slegs binne die NG Kerk gepraat word oor die Belhar Belydenis, en nie na buite gesprek gevoer word nie.

*Hannes Theron:*

- Die Belhar Belydenis was 'n belangrike moment vir die Sendingkerk om hulleself te posisioneer oor waar hulle staan, binne 'n konteks waar hulle net voel: "maar hierdie konteks vra vir 'n antwoord vanuit die Skrif." Die Belhar Belydenis het vir baie van die mense van die VGKSA gehelp om 'n identiteit te kry. Dit is die emosionele (simboliese) waarde van Belhar.

- Die uitspraak dat die NG Kerk kettery beoefen met apartheid, het ongelukkig aan die Belhar Belydenis 'n ander betekenis gegee as wat dit bedoel was om te wees. Belhar gaan eintlik oor 'n Christen se uitdrukking van eenheid, versoening en geregtigheid binne moeilike omstandighede.

- Dr. Alan Boesak was nie deel van die span wat die Belhar Belydenis opgestel het nie, maar hy het 'n belangrike rol in die totstandkoming daarvan gespeel.

- Die Belhar Belydenis het aan die NGSK 'n geweldige identiteit gegee en daarom is dit 'n baie belangrike dokument vir die VGKSA. Dit is iets wat nie altyd erkenning kry in die NG Kerk nie.

*Samevatting:*

Die respondente stem ooreen dat die Belhar Belydenis ook groot simboliese betekenis het vir beide die mense van die NG Kerk en die lidmate van die VGKSA. Vir die NG Kerk het dit negatiewe betekenis gekry as gevolg van die aanklag van kettery wat daarmee geassosieer word; die koppeling van die omstrede figuur van dr. Alan Boesak aan die belydenis; die geïsoleerdheid van die gesprek oor Belhar in die NG Kerk; omdat die belydenis mense se denke en leefwêreld bevraagteken het en omdat dit 'n simbool van vernedering geword het vir sommige in die NG Kerk. Vir die VGKSA het dit 'n baie positiewe betekenis, omdat dit aan die NGSK (later VGKSA) en die mense van dié kerk 'n geweldige identiteit gegee het; omdat dit uitdrukking gee ~~v~~aan die geloof wat in die harte van mense van die NGSK geleef het (en nog steeds in die VGKSA leef); en omdat dit vir baie mense 'n simbool van hul menswaardigheid geword het.

Met die afgelope bespreking van aktuele temas in die Belydenis van Belhar wil die Skrywer 'n verwysingsbron in die hand van gemeenteleiers en leraars van die familie van NG Kerke plaas



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

waarmee die gesprek oor die belydenis gefasiliteer kan word. Die kanse is goed dat die meeste van hierdie temas (indien nie almal nie) ter sprake gaan kom in sulke gesprekke. Die bedoeling is dat fasiliteerders deur die lees van hierdie temas (vooraf of tydens 'n bespreking) die gesprek verder kan laat vlot.

## 6.5 Slotbeskouing

Hierdie studie is onderneem om die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk te ontdek. Daar is bevind dat die **Belhar Belydenis groot missionêre waarde het vir die NG Kerk.**

Verder is aangetoon dat:

(a) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk nie afhanklik is van die aanvaarding van die belydenis as konfessie nie;

(b) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk meervoudig is en voortdurend ontwikkel;

(c) Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis onder andere daarin gesien kan word dat die belydenis 'n instrument tot verdere inheemswording is vir die NG Kerk-familie in Suid-Afrika.

Die dringendste saak rondom die Belhar Belydenis vandag, is dat daar 'n oop en eerlike debat gevoer word oor die belydenis – sonder dwang, in onderworpenheid aan die Skrif.

Om leraars en gemeenteleiers by te staan in hul taak om 'n oop en eerlike debat in gemeentes van die NG Kerk-familie te inisieer, motiveer en te fasiliteer, is riglyne opgestel vir so 'n debat en 'n verwysingsbron van aktuele temas in die Belhar Belydenis is saamgestel uit die onderhoude wat vir die doel van hierdie navorsing gevoer is.

Een van die mees basiese vrae wat oor die Belhar Belydenis gevra behoort te word in hierdie debat, is die vraag na die Missionêre waarde van die belydenis vir die Kerk. Wanneer hierdie vraag ondersoek word, is die insigte van Goheen (Newbigin) en Barth van groot belang. Goheen het aangetoon dat die verkondiging van die Evangelie tussen verskillende wêreldbeelde veronderstel dat die een (of kerk) wat die Evangelie bring, net soveel kan leer by die een (of kerk) wat die Evangelie ontvang, as wat anders-om die geval is. Die rede hiervoor is dat daar by die verkondiging van die Evangelie nie net 'n dialoog tussen wêrelde plaasvind nie, maar in effek 'n trialoog, waar die Vader deur sy Woord met elkeen en deur elkeen na die ander in gesprek is. Barth se insigte is dat die karakter van 'n kerklike belydenis juis van so 'n aard is, dat dit nie



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

geïgnoreer kan word deur die res van die Kerk nie, en dat dit ook nie afgedwing kan word op enige kerk nie. Belydenisse staan onder gesag van die Skrif, en as sodanig word dit met die Universele Kerk gedeel sodat 'n oop en eerlike gesprek daaroor kan plaasvind. Daarom is 'n oop en eerlike gesprek oor die Belhar Belydenis van groot belang vir die NG Kerk-familie.



PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com